WEL EN WEE VAN DIE MILITêRE VETERANE : BERIG 06/2020
26/06/2020

WEE VAN DIE VETERANE

1. Afsterwe van Burry Ferreira van die Infanterie

RB du Preez van die Infanterie verwittig met leedwese "… dat Burry op 03/06/2020 aan huis in Pretoria na 'n hartaanval beswyk het. Begrafnisreëlings gaan net vir die familie getref word. Sy vrou, Driekie, se selno is 082 789 9376. Burry is 'n voormalige Bev 3 SAI Bn en Noordwes Kmdmt".

2. Afsterwe van Dries Jones van die Medics

Louis Coetzee van die Lugafweer verwittig met leedwese "… dat Dries op 19/03/2020 in die Groenkloof Versorgingsoord op George oorlede is. Dries was 'n voormalige Bev Vloot Mediese Sentrum in Simonstad, 2 Mil Hosp en Med Kmdmt Wes-Kaap. Hy was ook die persoonlike dokter van Pres PW Botha. Dries was saam met my op 1985 se GSK en was weens sy vernuf gesog om in die Vlugbalspan te wees, nieteenstaande sy swak linkerbeen weens polio.

Die familie kon hom net voor die aanvang van die grendelperiode vir oulaas besoek en sy as sal later in die Kalahari gestrooi word waar hy gebore is. Sy vrou, Rina se selno is 084 344 0988 en sy seun, Marais, s'n is 082 841 3373".

3. Afsterwe van Reg Deyzel van die Lugafweer

Alwyn van Niekerk van die Kavallerie verwittig met leedwese "… dat Reg op 23/06/2020 in Midstream na 'n hartaanval beswyk het. Hy was 77 jaar oud. Geen verdere informasie is beskikbaar nie".

4. Passing of Wessel (Kokkie) Kok of the SAN

Arne Soderland advises with regret of "... the passing of Kokkie on 01/06/2020 at the Panorama Palms Retirement Village in Bellville at the age of 78. Our sincere condolences to Lucille and their son, Wessel and his wife Elna. Due to the present Covid-19 pandemic, no service will be held at this stage, Lucille can be contacted on 082 829 7233".

5. Afsterwe van George Sebastiaan (Basjan) van Niekerk an die SWAGM

Gert van Niekerk van die Geskut verwittig met leedwese "… dat Basjan op 15/06/2020 in die hospitaal op Walvisbaai na 'n beroerte-aanval oorlede is. Sy eggenote, Sarie, het hom op 29/01/2020 vooruitgegaan. Hy word oorleef deur sy kinders, Bartu, Maret en Sanel. Maret kon hom bystaan en haar selno is +264-081 124 0099".

Genl Georg Meiring noem "… dat Bartu verwittig het dat Basjan se as op die familieplaas in die Suide van Namibië gestrooi sal word".

6. Passing of Michael Patterson of the SAN

Arne Soderland also advises with regret of "... the sudden passing of Michael on 16/06/2020 at the age of 80 shortly after being admitted to 2 Mil Hosp. Our sincerest condolences to his wife, Louise and children. To honour him, friends and family were invited to honour this man

of the sea by bringing a favourite memory and a flower to drop off the Simon's Town Jetty on 21/06/2020".

7. Passing of Trevor Floyd of Special Forces

Manuel Ferreira of the SAAF advises with regret of "... the very sad news that Trevor had answered the Sun Set Call on 11/06/2020. My profound condolences to Daphne, his loved ones, colleagues and friends. I am devastated. Rest in Peace, Trevor".

8. Afsterwe van Casper Badenhorst van die Geskut

Paul Fouche van die Meg Infanterie verwittig met leedwese "… dat Casper op 08/06/2020 in 3 Mil Hosp oorlede is. Casper was die RSM toe hy en ek die laaste bevelspaar van 82 Meg Bde was. Ons meegevoel word aan Santjie en kinders oorgedra. Hy was as Gunner gerespekteer en 'n bekwame rugbyskeidsregter. Santjie se selno is 073 220 2948".

9. Passing of Chaplain Cannon Mervyn Moore of the SAN

Arne Soderland also advises with regret of "... the passing of the Reverend Cannon Mervyn Moore on 15/06/2020 at the age of 77 years. A funeral Mass for Canon Moore was held at St Oswald's Anglican Church in Milnerton on 20/06/2020. Our sincere condolences to his wife, Dawn and his parish in the Diocese of Saldanha Bay. Dawn's contact number is 021-556 1375".

10. Passing of Derek Taylor of the SAN

Arne Soderland advises with regret of "... the passing of Derek on 17/06/2020 in the hospital in Pietermaritzburg after suffering a heart attack on 09/06/2020. He was 62 years old. Our sincere condolences to Jason, Taryn and Andrew and families who also suffered the tragic loss of their mother, Trish, who was the victim of a brutal attack earlier this year".

11. Passing of Wryno Hartz of the SAN

Arne Soderland advises with regret of "... the passing of Wryno on 07/06/2020 at the Carl Bremmer Hospital in Bellville at the age of 76 after suffering a second stroke. Our sincere condolences to his daughter, Sacha and his brother in law, Harry Zaaiman".

12. Passing of Reg Llewellyn of Signals

Deon van Zyl of Signals advises with regret "… of the passing of Reg on 14/06/2020. He was stationed at Natal Comd Signal Unit".

13. Afsterwe van Eric Kenelly van Leërinligting

Henk Redelinghuis van die Infanterie en die SA Leërstigting verwittig met leedwese "… dat Eric op 29/05/2020 in Skotland aan huis oorlede is. Hy het niks makeer nie en is in sy slaap na 'n hartaanval oorlede. Eric se laaste aanstelling was as SO1 TI by HK Kmdmt Verre Noord, waarna hy en sy vrou, Lorna, na Skotland immigreer het. Hulle het elke jaar die RSA besoek en by Norman Ludick van Leërinligting tuisgegaan. Norman se selno is 079 266 0569".

14. Afsterwe van AO1 Jock Botes : RSM van die SA Inf Skool

Jaco Steenberg van die SAWV en Paul Els van die Seiners verwittig met leedwese "… dat Jock op 15/06/2020 by sy seun, Noeka, se huis in George oorlede is. 'n Virtuele uitsending

gaan deur die Kerk van die begrafnisdiens gedoen word vir die lede wat dit tydens hierdie tyd van inperking wil bywoon. Rus in Vrede, Sammajoor".

15. Passing of Fred Brooker of Personnel

Koos van Vuuren of Personnel advises with deep regret "... of the passing of Fred on 19/06/2020, at the grand old age of 102 years. During the 1980s he worked with me at the Defense Sports Club, as a multi-skilled sport coach. Apart from being the Springbok Modern Pentathlon coach, he also touched the lives of countless children, whom he taught the disciplines of swimming, running, fencing, and horse riding. He was born in Great Britain and after serving with distinction WW2, he was asked to serve at the Queen's stables as a coach and trainer of her horses. One of his better known pupils was Princess Anne, who herself later went on to represent England at the 1976 Montreal Olympics.

As a soldier he lived and carried himself with pride and served as a Warrant-Officer at the Defense Sports Club. Rest in Peace my dear friend".

16. Regstelling oor Afsterwe van AO1 Venice (Polly/Sam) van der Poll

In die vorige Nuusbrief is gemeld dat Sam op 18/05/2020 in 1 Mil Hosp weens kanker oorlede is. Nela Chambers noem egter "… dat Sam rustig in haar huis in die Kaap oorlede is. Sy was 'n dierbare vriendin en 'n ware MOTH. Ons sal haar nooit vergeet nie. Rus in Vrede, Sammy".

17. Terugslag vir Andre Bestbier van die Parabats

Pieter Swart van die Infanterie rapporteer dat Andre se toestand na sy hartoperasie verswak het, waarna die Spes Magte Vereniging (SASMV) besluit het om hom op 05/06/2020 met die Recce Care Ambulans vanaf 1 Mil Hosp na ‘n Versorgingseenheid in Lyttelton te verskuif. Christo Roelofse is die Voorsitter van die SASMV en noem “... dat ‘n infeksie na Andre se operasie sy neurologiese werking verswak het”.

Pieter het vir Andre besoek en noem dat Andre besig is om stadig te herstel. Sy vrou, Jeanette, se selno is 072 716 9299”.

18. Terugslag vir Lloyd Calitz van die Infanterie

Hein Boshoff van die Infanterie verwittig dat Lloyd se gesondheid tans nie goed is nie en dat hy baie ongemak verduur. Graag versoek ek al ons kamerade om in gebed aan hom te dink. Hy het 'n groot invloed op baie van ons se lewens gehad en sy lewe as soldaat was onberispelik. Ons dink ook aan sy vrou, Alida, wat hom elke dag ondersteun en versorg. Mag die Here julle met Sy liefde en genade omvou. Vir navrae kan ek op my selno by 082 566 3510 gekontak word”.

HULDEBLYKE AAN BASJAN VAN NIEKERK VAN DIE SWAGM

19. Gert van Niekerk van die Geskut

Gert het die volgende huldeblyk gelewer, wat vir die doeleiendes van die Nuusbrief effens verkort is. Die volledige huldeblyk is op aanvraag vanaf Gert se
e-posadres by Gert21151@gmail.com beskikbaar:

“In Jan 1974 was ek op pad na Oom Ben van Zyl, die Bantoesake-Kommissaris van die Kaokoveld by Ohopoho, om toekomstige samewerking tussen die SAW en die plaaslike Administrasie te bespreek. Oppad daarheen het ek vir Basjan van Niekerk ontmoet toe ek by Basjan en wyle kapt Jurie Lombaard langs die pad stilhou om saam koffie te drink. In die gastehuis het ek die dokumente gelees wat hy aan my oorhandig het en besef dat hy oor waardevolle kennis van die Herero-volksgroep beskik. Ons lewenspaaie het begin saamloop en die twee Van Niekerk gesinne se vriendskapsband is nou na 46 jaar deur sy dood beëindig.

Basjan moes sy studies in die teologie aan die Universiteit van Stellenbosch staak, maar het later aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat as etnoloog gekwalifiseer. Hy het in die Herero-volksgroep gespesialiseer, want hy kon hulle taal praat en is later as ’n tradisionele onderhoofman deur die Ovahimbastam aangewys. Met sy aanstelling in die SWAGM as adviserende etnoloog, het hy die leiding geneem met Burgersake- en koverte-aksies tydens die Grensoorlog.

Basjan was wyd belese en 'n fyn waarnemer van indiwidue se temperament en karaktereienskappe. Hy kon by tye daarmee korswel of met 'n enkele humoristiese tussenwerpsel 'n argument ontlont en self 'n bydrae tot ordelike beredenering en besluitneming lewer.

Basjan was saam met dr Jan Spies en Bill Hume afkomstig vanuit die Suide van SWA, bobaas storievertellers en grapjasse. Sommige van sy stories het hy in 'n humoristiese boek met die titel 'Sand en Klip'" op skrif gestel en in sy bedanking verwys hy na '*... die invloed wat my oud-militêre krygers op my gehad het. Hier moet ek noem dat dit almal insluit van die jongste NDP tot die hoogste gesagstruktuur wat my geleer het on na elkeen se insette te luister'".*

Na sy aftrede het hy en Sarie, wat op 29/01/2020 gesterf het, in Hentiesbaai gaan aftree waar hulle 'n unieke tuin van woestynklip en vetplante aangelê het. Hierdie tuin is steeds 'n toeriste-aantreklikheid in die dorp. Hy het steeds as toergids en ere-veldwagter in diens van die gemeenskap en as spreker by kultuurbyeenkomste opgetree en het ook as ouderling, in die afwesigheid van die plaaslike leraar, die eredienste waargeneem.

Sy en Sarie afsterwe laat ons, sy vriende en kamerade, met 'n groot hartseer, maar ryk aan aangename herinneringe van eertydse samesyn".

20. Jan Bierman van die Infanterie

'Dit is met leedwese dat ek van die afsterwe van Basjan verneem het. Rus in Vrede, oom Basjan, want ons gaan jou mis. Het menige kere saam hom om 'n vuurtjie gesit en na sy stories geluister. Ons sal jou nie vergeet nie. Saluut".

21. Johan van Wyngaard van Leërinligting. Die volgende artikel het in Die Republikein verskyn:

Basjan van Niekerk sterf

Oudkolonel Basjan van Niekerk en sy vrou Sarie.

PERSOONLIKE BOODSKAPPE

22. NTR.

MILITêRE AANGELEENTHEDE

23. SA Navy Project Biro to Delivery Mid-2021

Arne has reported in his MN that Armscor has revealed that Project Biro for the construction of three new inshore patrol vessels (IPVs) for the SAN as on the photo here below, is well on track, with the first vessel to be delivered in the middle of 2021. Damen Shipyards Cape Town (DSCT) laid the keel of the first IPV in Feb 2019. Armscor expects the contract to be completed at the end of 2025. Project Biro also covers the delivery of three boarding boats and three sea boats. Armscor said construction of the boarding boats and sea boats is on schedule.

TOEKOMSTIGE OORLOë

24. US Deploys Quarter of Its Carrier Strike Force to Indo-Pacific as Tensions Soar

Strained relations between Beijing and Washington were exacerbated after Taipei allowed a US military cargo plane to fly across the length of the island of Taiwan, a move which China characterised as illegal and seriously provocative. More than a quarter of America's active aircraft carrier groups are now operating in the Indo-Pacific region, with the carriers supported by their complement of attack aircraft, cruisers, destroyers and other support vessels.

MILITêRE MEDIESE VERSORGING

25. NTR.

FUNCTIONING OF THE MEDICAL CONTINUATION FUND (RFMCF)

26. NTR.

EIETYDSE MILITêRE GESKIEDENIS

27. First Casualty of the Bush War

Jaco Steenberg of the SADFA reminds us that "… 68343599PE Lt Freddie Johannes Zeelie from 1 Recce Regt was the first Soldier to be killed in action during the Bush War on 23/06/1974, today 46 years ago. Freddie and his platoon was engaged on anti-insurgent operations in Southern Angola when the enemy suddenly opened fire with two machine-guns. L Cpl Hillebrand was pinned down by heavy machine gun fire, but Freddie, without thought for his personal safety and in spite of the extreme danger to which he was exposed, immediately stormed the enemy position over a distance of approximately 50m, regrettably losing his life in the process. For his courage and self-sacrifice, Freddie was posthumously

awarded the Louw Wepener Decoration and was also the only member of Special Forces to ever receive the Louw Wepener Decoration. He was buried with Full Military Honours in Alberton. He was 22".

28. Die Tydperk voor die Aanval van Op Smokeshell

Johan (Dippies) Dippenaar, voormalige Bev 61 Meg Bn Gp het op FaceBook gereageer nadat "… verskeie van 61 Meg Bn my gevra het oor wat my bybly van die geveg op die doelwit van Op Smokeshell op 10/06/1980? Ek noem graag die volgende:

* Die Voorbereiding en Inoefening

In Omuthiya se opleidingsterrein is elke detail van beweging, doelvuur en die aanval oor en oor nagesien. Elke beweging en aksie is bevestig totdat die manne skerp en gereed was en die plan vir die aanval is ontleed en bestudeer om seker te maak dat daar geen foute is nie. Daar was in 1980 geen opgedateerde landkaarte van die gebied 120 kilometer binne Angola bestaan nie en Google Earth en ander elektroniese hulpmiddels het nie bestaan nie. Smokeshell het volgens lugfotos 'n oppervlak van 15 x 3 kilometer beslaan en moes met 'n handkompas en Ratel met basiese navigasie genader en gevind word.

* Die Inbeweging

Die ware uitdaging was die 120 km vanaf Mulemba na die teiken. Die beweging het in die donker om 06:00 begin en om 08:00 het lugverkenning bepaal dat die beweging in die verkeerde rigting gaan en is die regstelling gedoen. Hierdie was slegte nuus en het die adrenalien opgejaag. Die situasie is vererger toe daar besluit is om die stadig-bewegende 140mm kanonbattery en Elandpantserkareskadron wat voor beweeg het, af ten trek en verby te steek. Hierdie gebeure vroeg in die beweging het ernstige implikasies ingehou en kon bepalend wees vir die sukses van die aanval. Alhoewel die beweging tot aanraking eenvoudig klink was dit vir bevel en beheer senutergend en krities vir sukses. Uiteindelik is daar twee uur na die gestelde H-uur met die aanval begin toe die opdrag '… Laat waai!' gegee is".

29. Parade in Oudtshoorn deur SA Inf Skool

Jaco Steenberg van die SAW Vereniging het die foto verskaf, wat toon hoe Hennie Schultz en Paul Stroebel in Des 1985 as Bev en 2iB SA Inf Skool, tydens die uitpassering van die Junior Leiers, die parade deur die strate van Oudtshoorn lei.

30. Photos for Nonggai

Hennie Heymans of the ZARP is the editor of this fine monthly publication about our national security history. Hennie requests "… support with the provision of old photos of police stations, troop photos and photos taken on the border, or even photographs of WW2. It is up to us to preserve our history! We will publish your photos and articles in the electronic Nongqai which is also on our website".

31. Militêre Versameling in Kiwiland

Paul Els vertel "... dat 'n vriend van hom 'n gebou in NZ ingerig het om sy militêre versameling te bewaar, soos wat hieronder aangetoon is. Hy wil egter vir niemand vertel waar hy die SAW se Landrover in die hande gekry het nie".

32. History of SA Army HQ

Jaco Steenberg of the SADFA states "… that the building located on Potgieter/Kgosi Mampuru Street was acquired by the ZAR Government on 18/09/1860 and from 1881 it became the base of the Transvaalsche Rijdende Artillerie. After the Jameson Raid it became the home of the Corps Staatsartillerie. After 1903 it became first the British and later the HQ of the UDF".

33. Eerste Stertsprong uit ‘n C130

Kinnie van Eeden het hierdie foto van historiese belang op FaceBook geplaas, wat toon hoe lede van 1 Valsk Bn gereed maak om op 20/07/1982 die eerste stertsprong agter uit die ruim van ‘n C130 te doen. Voor staan Anton van Graan en Chris le Roux as onderskeidelik Bev en 2iB van die eenheid, met AO1 Gert Kitching wat as afstuurder gereed maak.

Chris le Roux van die Parabats verduidelik dat “… voor 20/07/1982 het spronge plaasgevind deur by die sydeur van die vliegtuig uit te spring. Die Hercules C 130 en die Transall C 160 het beide twee sydeure gehad het waaruit valskermspronge plaasgevind het, naamlik een aan die bakboord- en een aan die stuurboord-kant. Die vliegtuig wat alom bekend en bemind was onder die valskermsoldate was die Douglas C 47 (Dakota) wat lekker stadig kon vlieg en net een sydeur gehad het”.

NUWE MILITêRE BOEKE

34. Boek deur Genl Georg Meiring : Voormalige H SAW en H SANW

Genl Meiring verwittig dat sy boek voltooi is en tans by Callie Steijn van die SALM en Afd Inl se STN Drukkers in druk is. Daar moet bepaal word wat die omvang van die oplaag moet wees en die Veterane word versoek om aan te dui wie sal beoog om die boek te koop. Verwittig asseblief vir Callie op sy e-posadres by by callie@stnprinters.co.za sodat die getalberaming gedoen kan word. Die boek word soos volg beskryf:

Die boek sal beskikbaar wees in sowel sagte- as hardeband met 'n beperkte genommerde uitgawe in hardeband wat deur die skrywer geteken sal word, met 'n kort persoonlike boodskap indien verkies. Die prys van die boeke sal aan die hand van die formaat wissel van R350 tot R550 per eksemplaar. Verwittig asseblief vir Callie indien u beoog om 'n eksemplaar aan te skaf, asook watter formaat u oorweeg. Die boek word tans met die vriendelike samewerking van Bush War Books vertaal. Die Engelse weergawe sal later bekendgestel word.



35. New Book by Al J. Venter : *Combat – SA at War along the Angolan Frontier*

This new book by Al J. Venter is available from Bush War Books at sales@warbooks.co.za.



PAUL ELS SE BOEKE

36. NTR.

WELSYNSWERK

37. NTR.

ALGEMENE ASPEKTE

38. Arnè Söderlund se Museum

* Op KykNet se uitsending van 21/06/2020 is ‘n onderhoud met Angel gevoer en sy indrukwekkende museum getoon, wat in sy huis op Simonstad ingerig is. Toegang is gratis, maar donasies is welkom, wat aan Angel se gunsteling welsynsorganisasie oorhandig word. Arne se e-posadres is angel45@iafrica.com.

* Barry Gildenhuys van C-160 faam het die uitsending gesien en het die volgende aan Arne gestuur:

“Die program op TV het my aan die hart gegryp. Om te dink dat dit die kwaliteit en kaliber mense is met wie ek saam gewerk het. Onkreukbaar! Laat weet asseblief of u belang sou stel in my vliegbril, vliegpak, Morse Kode sendtoestel en radio-kopstuk van 60 jaar gelede toe ek leer vlieg het. Ek wou dit graag aan die Lugmag-museum skenk, maar hulle is so ten volle getransformeer dat hulle nie meer oudhede van voor 1994 aanvaar nie”.

* Arne het gereageer met “… my Pa was in die SALM, alhoewel hy vir die RAF in Burma Hurricanes en Thunderbolts gevlieg het. Ek het sy vlieguitrusting in die museum en sal beslis jou vriendelike aanbod aanvaar. Ek hoop ook om binnekort Ludwig Kemper van Afd Inl se uniform en medaljes te ontvang”.

39. Bevel- en Stafkurus G7803

Hercules (Ore) van den Heever van die Kavallerie verwys na die Bevel- en Stafkurus wat in 1978 by die SD Tak van die SA Leërkol aangebied is en noem dat “… ons die eerste groep was wat die Voorkursus meegemaak het. Ons het drie tot vier toetse per dag afgelê en met ‘n TOST afgesluit, Ons het geswoeg en gesweet maar die KS moes elk van die vraestelle merk en die KS het dalk nuwe denke met die merk van die vraestelle ontdek. Die KS was egter almal baie behulpsaam en dit was veral Gert Opperman wat self sekere nagte bereid was om ons telefonies op die regte spoor te bring.

G7803 het geskiedenis gemaak toe Marie Theron, die hoof-karakter van Oef Marathon, na vele veldslae amptelik, deur ons almal in Menasiedrag geklee, ter ruste gelê was en ek glo die grafsteen staan nog steeds. Hierdie groep studente het ook deur die kursus deeglike waarnemings van elke KS gemaak en na aanleiding van elk se besondere eienskappe iets vervaardig en aan die einde van die kursus aan hulle oorhandig. Slim Daan Nell het ‘n stoeltjie met ‘n spieël gekry, want ‘… kyk in die spieël’, was ‘n vermaning wat ons talle kere aangehoor het. Die Warlord het ‘n mini-kitaar gekry vir sy bepaling van ‘… wie slaan die kitaar’. Die KS moet dalk ‘n foto van hulle geskenke neem en op die volgende Nuusbrief plaas. In die volgende Nuusbrief sal hulde gebring word aan ons makkers wat ons vroeg ontval het. ‘n Derde van die kursus is nie meer met ons nie”.

40. SA Military History Society (SAMHS)

Malcolm Kinghorn of Special Forces states that he "… is alive, well and still living in PE by the sea. I am a member of the Eastern Cape Branch of the SAMHS and as we are unable to hold our usual monthly meetings due to the current restrictions, we have added Zoom meetings to its activities. There is a Zoom Lectures Library link on the SAMHS website at http://samilitaryhistory.org/zoomlib.html. Zoom meetings open the floor to speakers not fortunate enough to live in PE by the sea and provide an additional means of getting our history onto the internet via newsletters on the SAMHS website. Anyone interested in participating in or addressing a meeting is invited to contact me on culturev@lantic.net".

41. Inligting oor die COVID Pandemie

In Nuusbrief 04/2020 is genoem "… dat Johan Schoeman van Afd Inl verklaar het dat hy verneem het dat inligtingstawwe in die VSA reeds in Jan 2020 die VSA se regering oor die moontlike uitbreek van die COVID-pandemie ingelig het'.

Johan noem nou dat daar twee lede met dieselfde naam by Afd Inl was. In die bogenoemde berig word verwys na brig Johan Schoeman van Afd Inl wat nie ek is nie en aangesien dit nie sy standpunt was nie kan dit verwarring skep. Hierdie berig was afkomstig vanaf my by die MS2-lessenaar by Afd Inl, soos wat dit opgestel en voorberei is vir aanbieding aan NICOC".

42. Re-unie van die SA Leër se Bevel-en Stafkursus G9101

Willie Vos van Logistiek was een van die studente en verwittig "… dat beplanning vir 'n 30 jaar re-unie reeds begin het, maar daar word nog na die volgende kollegas gesoek:

JCF (Johan) Preller van Personeel
MC Smit van die Infanterie

Kontak my asseblief op my selno te 082 922 8532 of op willievosmail@gmail.com".

43. Batchat : Tydskrif van die Tak van die SA Valskermvereniging in Pretoria

Uitgawe 02/2020 van hierdie uitstekende tydskrif is vanaf die e-posadres van Paul Els by paul@who-els.co.za beskikbaar. Die tydskrif bevat onder andere 'n volledige beskrywing deur Jan Breytenbach wat as Bev 44 Valsk Bde die operasie op 04/05/1978 teen die basis van SWAPO (PLAN) te Cassinga gelei het. Dit is Onse Jan se weergawe van gebeure op die basis met die kodenaam, Moskou, wat 260 km Noord van die SWA- grens deur 367 lede van 44 Valsk Bde uitgevoer is.

Die gedig hieronder verskyn ook in die tydskrif.

Don't try to Judge a Soldier
by Clive Sanders

Don't try to judge a soldier,
If you have not been there,
Unless you've walked along the street,
That only soldiers dare.
Don't criticise their actions,
Don't judge them after years,
For they have fought your battles,
Then come home to national cheers.

It's for you they lost their comrades,
It's for you they shed their blood.
It's for you they followed orders,
Knowing that's what soldiers should.
He only had his rifle,
Which he carried in your name.
So don't make him your scapegoat,
Used to bear his nation's blame.

© Copyright Protected.

44. Newsletter of the Naval Officers' Association of Southern Africa

Angel states that the Newsletter for Jun 2020 is available and can be requested from the Secretary, John Lamont, at glentyne@yebo.co.za.

NUUS OOR DIE VETERANE-ORGANISASIES

45. Inleiding

Hierdie groephoof is geskep met die spesifieke doel om aan die Veterane-organisasies 'n forum te bied waar hulle die breër Veterane-gemeenskap oor hulle onderskeie aktiwiteite kan inlig. Maak gerus gebruik daarvan en insette sal waardeer word.

ASPECTS CONCERNING OUR PENSION FUND (GEPF)

46. Bydraes vir Kostes met Litigasie

Albert van Driel van die Infanterie noem "... dat AMAGP 'n middel geskep het om meer pensioenarisse 'n geleentheid te bied om donasies aan AMAGP te maak. Sodanige donasies sal aangewend word om te help met litigasiekostes, ten einde verdere plundering van ons Fonds aan te spreek.

Die huidige Bestuur en medewerkers, verrig die take gratis, maar het self heelwat direkte kostes wat maklik R1 000 of meer per maand kan wees en kan ons nie nog uit eie sak vir litigasiekostes bydra nie. Ons weet dat daar heelwat meer oud-kollegas is wat graag wou bydra, maar nie weet HOE nie. Kontak my asseblief op drielaav@gmail.com en ek sal die dokument aanstuur waarop donasies maklik gemaak kan word, asook ander wat meer lig sal

werp op die ernstige ongerymdhede wat by die Mpati Geregtelike Kommissie van Ondersoek blootgelê is".

47. Fund Raising by AMAGP

As Kleynhans states on behalf of AMAGP that "… the threat to our pension fund has escalated to such an extent that it has now become imperative to raise a large amount of money for possible litigation and other actions in support of our cause.
The AMAGP Management wishes to extend its sincere thanks to our members who have faithfully paid their membership fees since the inception of our organisation. Since the scrapping of membership fees, our income reduced considerably, although some of our new members made appreciated donations. We now would like to request all of our AMAGP members to consider our fund raising project.
Please click on the link at https://www.backabuddy.co.za/champion/project/government-pensions, which will take you to our BackaBuddy crowd funding page where you can make a contribution.
Thank you so much for your involvement in our efforts to protect our pension fund".

48. Vertraging met die Uitbetaal van Pensioene

In 'n vorige Nuusbrief is verwys na die problem wat militêre weduwees ondervind het om die GEPF te oortuig om met uitbetalings te begin. Een van die weduwees in Walvisbaai noem dat daar geen reaksie was op navrae wat aan die GEPF by enquiries@gpaa.gov.za gerg is nie. Sy het toe haar frustrasie op AMAGP se webblad, Watchdog Forum, uitgehaal, waarna Victoria Ratshilaya van die GEPF haar uit die bloute op haar selfoon gekontak het. Na vele gesukkel is my pensioen toe uitbetaal.

Interessant genoeg, het GEPF Enquiries eers 'n maand later gereageer nadat ek al reeds deur Victoria gehelp is. AMAGP se GEPF Watchdog Forum is beslis die moeite werd".

49. Verklaring deur AMAGP oor Misbruik van die GEPF se Fondse

AMAGP is van oordeel dat die OBK geen magtiging het om nuttelose aandele in Eskom te bekom nie. Die OBK is veronderstel om beleggings tot voordeel van ons Werknemerspensionfonds (die GEPF) te maak en nie om leeggesteelde en vrotbestuurde staatsondernemings te red nie. Die geld waaroor die voorstel gaan word nie deur die OBK besit nie en ook nie aan die regering nie. Dit behoort aan die lede van die pensioenfonds wat met reg van die Raad van Trustees (RvT) van die GEPF verwag om hulle belange en eiendomsreg te beskerm.

Die OBK, GEPF en die regering word weereens ernstig gewaarsku teen enige verdere wanaanwending van die bates van die GEPF wat aan werkers en pensionarisse behoort. Cosatu word ook ernstig versoek om op te hou smous met die GEPF se fondse en hom liewer by sy eie geld te bepaal. Terloops, ons twyfel of hulle fondse in staatsondernemings belê is.

50. Jaarverslag van die Voorsitter van AMAGP

Antonie Visser se jaarverslag, die Mylpaal-verslag en AMAGP se finansiële state is op die webblad by www.amagp.co.za beskikbaar.

51. Comment by AP Stemmet on the Folly of Helping Bankrupt State Entities

"The calls for assisting Escom and the SAL remind me of what happened at African Bank when the new African Bank was built on the ashes of the bankrupt old African Bank with

money obtained from the GEPF. The loss of R4bn by the GEPF was forgotten and nothing was ever recovered from those responsible for the investment. The crash of African Bank led to the establishment of AMAGP".

52. New Issue of the GEPF Monitor

The new Issue is now available and can be read on our website at www.amagp.co.za, or can be requested from the e-mail address at amagp.sek@gmail.com.

53. Nuwe Voorkoms van AMAGP se Blad op FaceBook

As Kleynhans van die Lugafweer verwittig "…dat AMAGP se blad op FaceBook 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Dit het 'n nuwe gesiggie en die naam is nou GEPF WATCHDOG/WAGHOND. Die nuwe voorkoms trek aandag en ons ledetal op Facebook het nou al tot meer as 30 000 gegroei, wat talle lede van die SAP en ander staatsdepartemente insluit".

SOEKTOGTE

54. Waar is Gert en Div van G7803?

Ore van den Heever van die Kavallerie beywer hom om al die e-posadresse van 1978 se Bevel-en Stafkursus op te spoor en benodig Gert Vermeulen en EP (Div) de Villiers, beide van Personeel, se adresse. Ore se e-posadres is ad1951@telkomsa.net.

55. Skouerflitse van Leër HK

Een van ons lede wil graag sy Drag No 2 baadjie aan 'n militêre museum skenk, maar benodig twee skouerflitse van Leër HK van ons tyd om dit volledig te maak. Verwittig asseblief indien iemand kan help.

GELEENTHEDE, FUNKSIES EN KURSUS- EN ANDER RE-UNIES

56. NTR.

ADMINISTRASIE

57. NTR.

NETWORKING

58. NTR.

LAASTE LAWWE (EN SOMS ERNSTIGE) STUKKE

59. Lament of the Soldier. Jaco Steenberg of the SADF Association provided the following:

The Soldier stood and faced God,
Which must always come to pass.
He hoped his shoes were shining,
Just as brightly as his brass.

Step forward now, Soldier,
How shall I deal with you?
Have you always turned the other cheek?
To My Church have you been true?'

The soldier squared his shoulders and said,
'No, Lord, I guess I ain't.
Because those of us who carry guns,
Can't always be a saint.

I've had to work most Sundays,
And at times my talk was tough.
And sometimes I've been violent,
Because the world is awfully rough.

But, I never took a penny,
That wasn't mine to keep...
Though I worked a lot of overtime,
When the bills got just too steep.

And I never passed a cry for help,
Though at times I shook with fear..
And sometimes, God, forgive me,
I've wept unmanly tears.

I know I don't deserve a place,
Among the people here.
They never wanted me around,
Except to calm their fears

If you've a place for me here, Lord,
It needn't be so grand.
I never expected or had too much,
But if you don't, I'll understand.

There was a silence all around the throne,
Where the saints had often trod.
As the Soldier waited quietly,
For the judgment of his God.

'Step forward now, you Soldier,
You've borne your burdens well.
Walk peacefully on Heaven's streets,
You've done your time in Hell'.
Unknown

60. Winston Churchill had South Africa in Mind

“If you destroy the free market, you create a black market”.

61. Gert du Toit van die Infanterie oor die Cremora-virus

“Met die Virus wat nou so wild is, moet ek laat weet dat ek nou al soveel keer gesaniteer is dat ek nie eens meer ‘n vuil gedagte kan kry nie”.

62. Weier om die Welsyn te Help

Ek het 'n oproep gekry van die welsyn wat my vra om klere vir die honger mense in ons land te skenk. Ek sê toe vir hulle om my uit te los! Enigeen wat in my klere pas is nie honger nie.

SLOT

63. En op daardie dik noot, geniet die naweek wat voorlê.

Johann

VRYWARINGSKLOUSULE

64. Hierdie Nuusbrief bevat die uiteenlopende en diverse persoonlike menings van Militêre Veterane en die Opsteller van die Nuusbrief kan nie in sy persoonlike hoedanigheid daarvoor verantwoordelik of aanspreeklik gehou word nie.